

7 Mei

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1–6

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:2

Plakkaat en graffiti (1)

In Galate is Paulus se werk gekortwiek deur Jode wat wettiese reëls saam met die verlossingswerk van Christus gepreek het. Paulus herinner hulle dus in vers 1 aan sy prediking oor Jesus Christus wat so duidelik was “dat julle Hom as ’t ware aan die kruis kon sien hang!” Die kern van elke preek behoort Jesus as die gekruisigde te vertoon. In die erediens word die hoorder gelei van sy eie sonde en ellende tot aan die voet van die kruis met die sterwende Jesus, wat deur God verlaat is en vir *mý* sonde ly aan die kruis. Dit is nie ’n mooi gesig nie – allermens! Kyk maar hoe preek Jesaja (hoofstuk 53) hieroor. Luister ook hoe die klem deurlopend daarop lê dat Jesus in my plek gely het.

In ’n preek behoort daar geen fieterjasies te wees nie. Die essensie is ’n ruwe kruis en ’n naakte, sterwende liggaam. Terselfdertyd moet die boodskap ondubbelsinnig oorgedra word dat Jesus Christus in my plek ly. Soos ’n plakkaat ’n gebeurtenis aankondig dat elke mens dit duidelik kan sien en beslag op jou lê, so moet die prediking van die soendood so duidelik wees dat jy nie anders kan as om deel te wil hê aan die versoening wat die lyding van Christus meebring nie. Ons kan nie ’n prentjie teken van hierdie verskriklike lyding nie! Geen mens kan by ’n Passiespel hierdie enorme vernedering uitbeeld nie. Die Heilige Gees laat die mens deur die prediking beseft dat dit verskriklik was!

Elke erediens preek dus ’n duidelike plakkaat: Jesus Christus is gekruisig vir my sonde. Hý het die volkome versoening gebring. Christus alleen. Ongelukkig aanvaar weinig mense dat die versoening van Christus voldoende is vir ons saligheid; daarom word die plakkaat versiés of vervuil met graffiti. (Daaroor meer in die volgende oordenking.)

Die Heilige Gees werk deur die prediking, die suiwer verkondiging van die genade van God.

Sing: Psalm 17:7 Ds HF van Wyk (Primrose)